# By die see
## Aktiwiteit 1

### Blou rys

Benodighede:

1. Kleursel - blou
2. Rys
3. Ziplock sakkie
4. Koerantpapier
5. Seediere - speelgoed
6. Bak






Stappe

1. Plaas die rys in die ziplock sakkie.
2. Gooi 'n paar druppels blou kleursel in die sakkie.
3. Maak die sakkie toe en skud hom goed.
4. Los die rys vir 30 minute in die kleursel sodat dit goed kleur.
5. Gooi die rys nou op 'n koerantpapier uit in die son en los dit vir 'n uur totdat dit droog is.
6. Gooi die rys in 'n bak e n voeg seediere by. Steek die seediere lekker weg sodat jou kind die seediere tussen die rys soek.

My dogtert jie het die aktiwiteit so geniet. Ek het 'n ou laken op die vloer gegooi sodat dit 'n biet jie minder morsig is. Ek vou dan net die laken op en gaan skud buite uit.

Sy het eerste die rys geëet, maar vinnig agter gekom dis glad nie lekker nie. Sy het later die rys op die vloer gegooi en daarop getrap. Sy het die gevoel van die rys onder haar voete vreeslik geniet en sommer gelag van plesier.

Ek het haar soos sy die seediere uit die rys gehaal het van elke seedier vertel en gesê watter kleur die seedier ook is. Ek het haar gewys hoe swem die seedier een sy het later self met die seedier in die lug rond gesem.







# By die see
## Aktiwiteit 2

### A5 prente

Benodighede:

1. Seediere prente - (Print en lamineer)
2. Seediere - speelgoed
3. Wondergom

Stappe

1. Plak die prente van die seediere op die muur.
2. Praat met jou kind oor elke prent en sê watter seedier dit is.
3. Neem nou die seediere speelgoed en wys vir jou kind by watter prent jie by elke seedier pas.




Ek het die prente van die seediere die hele week teen die muur opgelos sodat my dogtert jie dit gereeld kan sien en ek het die seediere speelgoed in 'n bakkie by die prente gelos.








# Liedjies

## Die vissies

Die vissies die swem in die water
Hulle swem so al wat hulle kan
Hulle swem tussen klippe en gate
Daar in die ou plaasdam





## Daar's vissies in die water

Daar's vissies in die water, kyk hoe swem hul rond;
daar's voeltjies in die lug en daar's diere op die grond;
daar's blomme in die velde, daar's riete in die vlei.
Wie sou dit al's gemaak het? Die Here, ja, dis Hy